

Nomades Voetslaanklub roeteterugvoer.

## Blouwildebees-stap

27 tot 29 Julie 2018, Badplaas

Jannes van Ryssen vertel ons van die stap. Baie dankie.



“Nege Nomades het die tweede groep gevorm wat in Julie 2018, ’n week na die eerste groep, die Blouwildebeesroete gaan stap het. Hulle is: Wilma en Dave Hale, Jan en Corrie du Preez, Erika Barnard, Magda Grobler, Carolien Pienaar, Isabel Baatsen en Jannes van Ryssen.



Die roete op die plaas Ida is 10 km (grondpad) vanaf Badplaas, op die Chrissiesmeerp pad. Van vroegmiddag af het die stappers arriveer, waar die opsigter, Samson, gereed gestaan het om ons te ontvang. Sommige van ons het probleme gehad om die pad uit Badplaas te kry, want nêrens op die aanwysings is gesê dat jy die Chrissiesmeerp pad moet vat om by die plaas te kom nie. Uitsluitel kon ook nie bereik word oor watter roete na Badplaas die beste is nie – die een oor Machadadorp op die besige N4, of deur Carolina waar ’n deel van die pad vol slaggate is.

Die stappershuisvesting is hoog teen ’n heuwel, met ’n wye uitsig oor die plaas. Daar is slaaperiewe vir 12 mense in ’n kliphuis en langaan is die braai/kuier lapa afgeskort met seile. Afgesien van ’n paar kerse was daar nie ligte of elektrisiteit nie, maar almal was voorbereid met sterk lampies, flitse en ’n gasbottel vir die stoof. Samson het gesorg dat daar ’n vuur in die lapa is en dat die donkie warm water verskaf. Ons moes ’n bietjie improviseer om die braaigeriewe reg te kry, maar het toe ook ’n goeie dosis rook gekry weens ’n skoorsteen wat verstop was. Die aand was koel en winderig, maar ons het klaar gebrui en gewag vir die pragtige volmaan om verduister te word. Dit het so vanaf 9 nm begin, maar dit het so lank geneem dat die meeste van ons maar gaan slaap het voor die volle verduistering “sigbaar” was.



Vroeg die Saterdagoggend was Samson al besig om die donkie te stook en vuur in die lapa te maak. Met ’n koppie koffie in die hand het die vroeg-opstaners op die stoepie langs die huis die sonsopkoms en die uitsig gaan geniet, met wild in die verte. Dit was ’n helder sonskyn dag, maar nie baie warm nie. Met die fotosessie afgehandel, het ons so net na 8 vm die 9 km-roete aangepak. Die roete kronkel teen die eerste heuwel af, oor ’n stroompie en dan weer opwaarts en lei later tot ’n steil opdraande tot by ’n uitkykpunt. Na die uitkykpunt daal die roete af na ’n waterval, en van daar al langs ’n riviertjie met verskeie afkoel-poele, tot naby die eindpunt. Daar was enkele plekke waar ’n mens moes afklouter, maar die roete was goed



gemerk en oopgetrap. Halfpad bult-op naby die huis het die voorste groep vir die twee oues-van-dae gewag, en almal het vroegmiddag gelyk by die eindpunt aangekom.



Samson het sy deel gedoen. Die donkie was op hete kole, en die kombuis/lapa netjies skoon. Die gebruiklike Saterdagmiddag se stort, rus en gesels is egter onderbreek toe ’n trop boerbokke die werf betree en tot almal se verbasing die Euphorbias (fire sticks), berug vir sy giftige sap, begin vreet het. Later die middag het ’n paar van ons met Samson gereël om na die buurplaas, President Ramaphosa se eiendom, te gaan om na sy Ankole-beeste met hul groot horings te gaan kyk. Ramaphosa mag daar wel ’n plaas hê, maar Samson



het ons gou laat verstaan dat die meeste mense van die omgewing Zuma-ondersteuners is. Die res van die stappers het by die uitkykpunt naby die huis gekuier, gebrei en geginnegaap.

Met 'n skoon skoorsteen is die braaivuur vroeg Saterdagoggend aangestee. Jan du Preez het sy gebruiklike pap vir almal gemaak, Corrie het 'n heerlike slaai uit almal se groente en neute voorberei, en Erika het haar soet pampoenkoekies aangebied. Die aand was heelwat warmer as die vorige aand en daar is weer lekker gekuier.



Sondagoggend het ons die korter binne-roete van 6 km wat maklik was, gevat en vroeg reeds klaargemaak en opgepak. 'n Klomp van ons het op pad terug, "brunch" by die Badplaas-oord se restaurant gaan geniet.

Die fasiliteite by Blouwildebees was baie basies, maar gerieflik, die opsigter vriendelik en behulpzaam, die paadjies goed gemerk en die geselskap aangenaam. Die staproetes self is egter nie juis opwindend nie. Die omgewing is heuwelagtig met oop grasvelde en baie miershope met bome hoofsaaklik langs die rivier en op die kliprandjies, en die wild was wild. Dit was egter 'n baie aangename wegbreek naweek."



Wouter, wat in Groep 1 was (20-22 Julie) noem dat Samson vir hulle vuur gemaak het en sommer ook elke keer die ketel volgemaak en op die vuur gesit. Daar was genoeg hout gewees. Daar is koppies, glase, borde, messe, vurke en braai tange wat Samson ook dan was. Daar is genoeg plastiek stoele en staal tafels. Daar is selfs komberse

sou jy dit benodig. Geen toilet papier is voorsien nie. Daar is parafien lanterns, maar geen parafien nie. Vat dus goeie lig saam.

Clarice Crous, Jason du Plessis, Renee & Wouter Crous, Norma Grotius, Erna Lubbinge, Adele Pansegrouw en Elsabe During gaan saam.



<b>FINANSIES</b>	<b>Groep 1 (20-22 Julie 2018) .</b>	<b>Groep 2 (27-29 Julie 2018) .</b>
Inbetalings:	9 Lede (R340) = R3060 (8 gaan) .	8Lede (R340)+1nieLid (R370)=R3090
Uitbetalings:	R 3,006.00	R2993,98
Anvie Ventures R160pppn+R50:	R160ppn x2nagtex9mense+R50=R2930	R160ppn x2nagtex9mense+R50=R2930
Brikette & aanstekers:	(WC) R76	(JvR) R47.99+R15.99= R63.98
Projek Surplus:	R 54.00	R 96.02

Groete  
**Marius Stander**  
 Vir Nomades Voetslaanklub.  
 Sien [www.Nomades.co.za](http://www.Nomades.co.za) vir meer klubinligting  
 en stapverslae.  
 (2018/09/20)

